# Lesing 23.06.2018 - DEEL 35 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

DIE Hooglied van Salomo.

6:1 [**DIE DOGTERS**:] WAAR het **U Beminde** heengegaan, o skoonste onder die vroue? Waarheen het U Beminde Hom gewend, dat Ons Hom saam met U kan soek?

6:2 [**DIE VROU**:] My Beminde het afgeloop na **Sy Tuin**, na die balsembeddings om Hom te vermaak in die tuine en **om lelies te versamel**.

6:3 Ek is My Beminde s'n, en My Beminde is Myne - **Hy wat Herder is onder die lelies**.

6:4 [**DIE MAN**:] Mooi is U, My vriendin, soos Tirsa (beteken gelukkig, grasieus), **lieflik soos Jerusalem**, verskriklik soos slagordes met vaandels. [Númeri 27:1]

6:8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal. [Spreuke van Salomo 9:3]

6:9 **Een, dié is My Duif**, My **rasegte**, die **enigste vir Haar Moeder; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het.** [Psalm 45:14; Profesie van Barug 4] [**OOR HAAR BEWONDERAARS**:] Die Dogters het Haar gesien en Haar geseënd geprys, die koninginne en die byvroue, en **Haar geroem**:

**Hfs 8:1** AG, was U maar vir My soos 'n broer wat aan die borste van **My Moeder** drink! As Ek U daar buite vind, Ek sou U kus; en tog sou hulle My nie verag nie.

8:2 **Ek sou U lei, Ek sou U bring in die Huis van My Moeder; Sy sou My leer;** Ek sou U laat drink van die gekruide wyn, en van My soet wyn van granaat.

8:3 Laat Sy **linkerarm** onder My hoof wees en Sy **regterarm** My omhels.

8:4 Ek besweer julle, **Dogters van Jerusalem**: Waarom wil julle wakker maak en waarom wil julle opwek die liefde voordat dit die [liefde] behaag?

8:5 [**DIE DOGTERS**:] Wie is dit wat daar opkom uit die wildernis, wat **leun op Haar Beminde**? [Openbaring 12:1] [**DIE VROU**:] Onder die appelboom het Ek U opgerig. **Daar was U Moeder in barensweë oor U, daar was Sy in barensweë wat U voortgebring het**.

8:6 Dra My **soos 'n Seëlring op U hart**, soos 'n Seëlring op U arm; want die liefde is kragtig soos die Dood, die liefdes-ywer is wreed soos die Doderyk/Sheol, haar gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam. [Wysheid van Sirah 17:22; Haggai 2:23]

8:7 Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere haar nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van Sy huis vir die liefde, hulle sou Hom diep verag.

Final Advice

8:8 [DIE DOGTERS:] Ons het **'n klein sustertjie** wat nog nie borste het nie; wat moet Ons met Ons suster maak dié dag as Sy gevra word?

8:9 As Sy 'n **muur** is, sal Ons 'n **silwerrand** op Haar bou, en as Sy 'n deur is, sal Ons Haar met 'n sederplank toeslaan.

8:10 [**SUSTERTJIE**:] **Ek is 'n muur, en My borste soos torings: toe het Ek in Sy oë geword soos een wat Vrede vind.**

**Gen 18:6** Toe loop Abraham haastig in die tent na **Sarah** en sê: Maak gou, knie <u>**drie mate meel**</u>, die beste, en maak **roosterkoeke**.

18:7 Daarop loop Abraham na die beeste en vang 'n **jong, suiwer kalf** en gee dit aan die dienaar, wat dit gou klaargemaak het.

18:8 En hy neem **dikmelk en soetmelk** en die kalf wat hy klaargemaak het, en sit dit aan Hulle voor, terwyl hy self by Hulle onder die boom bly staan; en Hulle het geëet

**Luk 13:20** En weer het Hy gesê: Waarmee sal Ek die **Koninkryk van die Elohim** vergelyk?

**Luk 13:21** Sy is soos suurdeeg wat 'n **Vrou** neem en in <u>**drie mate meel**</u> inwerk totdat Sy heeltemal ingesuur is.